

8 MEI

**SKRIFGEDEELTE: NUMERI 15:1-21
FOKUSGEDEELTE: NUMERI 15:1-5**

Offers van dankbaarheid

Hoofstuk 14 vertel die hartseer verhaal van die opstand van die volk by Kades en God se oordeel oor hulle as die Amalekiete en Kanaäniete hulle verslaan. Tog maak die Here dit duidelik dat Hy nie sy beloftes vergeet nie. In Numeri 15:2 sê Hy dat hulle in die land *sal* kom; dit *sal* hulle woning wees. Nóg die poorte van die hel, nóg die swakheid en sonde van sy volk kan die Here se verbondsbeloftes tot niet maak. 'n Geslag Israeliete mag in die woestyn sterf, maar die nageslag van Abraham sal, soos Hy belowe het, so baie word soos die sand aan die see. Met die opdrag om brand- en maaltydoffers aan die Here te bring in die land van belofte, wys Hy hulle egter op die enigste manier waarop hulle verhouding met Hom ongeskonde kan bly: deur versoening, berou en bekering. Die vuuroffer is daarom vir die Here 'n aangename geur. Hy vind dit aanvaarbaar, want dit spreek van toewyding en oorgawe aan Hom. Die maaltydoffer en drankoffer aan die Here was offers wat bestaan het uit meel, olie en wyn – die produkte van die land wat die Here *sal* gee. Genadegawes wat, wanneer dit geoffer word, gawes van dankbaarheid word. Let egter op die volgorde: eers die vuuroffer, 'n offer wat gepaard gaan met die stort van bloed, dan eers die niebloedige offers van meel, olie en wyn; eers die verlossing deur Christus, dan die gawes van dankbaarheid. Ons kan nie ons eie verlossing bewerk nie. Ons kan dit maar net in die geloof omhels en God daarvoor dank deur onself as lewende en heilige offers aan Hom te gee (Rom. 12:1).

Sing: Psalm 107:1,10 (Totius)

Ds Rickus Fick (Komatipoort)